96/71

G.P.-S. J. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

( APPELLATE DIVISION). AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.**
**APPÈL IN STRAFSAAK.**

1. MBEKENI NALA MADONSELA; 2. JOSEPH ZIKHLALA

Appeliant.

*versus/teen*

THE STATE

Respondent.

*Appellant's Attorney* *Prokureur van Appellant* — *Respondent's Attorney* *Prokureur van Respondent*

*Appellant's Advocate* G. B. Hattingh *Advokaat van Appellant* — *Respondent's Advocate* Hoexbroek *Advokaat van Respondent*

*Set down for hearing on* 13-9-1971
*Op die rol geplaas vir verhoor op*

2. 3. 8.

(N.P.D.)

Rumpff AR. Botha Rabie

9.45 - 10.30 am.
10.30 - 10.46 am.
10.46 - 10.53 am.

C.A.V.

Appèl van die hand gewys.

[signature]

GRIFFIER, APPÈLHOF, BLOEMFONTEIN.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

MBEKENI NALA MADONSELA Eerste Appellant

JOSEPH ZIKHALA Tweede Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: RUMPFF, BOTHA et RABIE, A.RR.

VERHOOR: 13.9.1971. GELEWER: 24.9.1971.

---

U I T S P R A A K

RUMPFF, A.R. :

In hierdie saak is die twee appellante in n rondgaande Hof in Natal aan moord skuldig bevind en ter dood veroordeel. Die Verhoorregter het met twee assessore die saak verhoor en een van die assessore was van mening dat die appellante aan strafbare manslag skuldig is. Skynbaar was die betrokke assessor van mening dat indien die appellante skuldig is aan moord, daar geen versagtende omstandighede aanwesig is nie, soos ook deur die Verhoorregter en ander assessor bevind

is/.....

is. In sy uitspraak oor versagtende omstandighede meld die Verhoorregter nl. die volgende:

> „Saam met my assessore het ek hierdie geval oorweeg, al die faktore wat die advokate aangehaal het. Ons het dit lank bespreek om onsself te ondersoek en te vra of daar versagtende omstandighede hier aanwesig is en ons gevolgtrekking is eenparig in die geval dat daar nie sulke omstandighede aanwesig is nie."

Die appellante appelleer met verlof van die Verhoorhof teen die skuldigbevinding aan moord en teen die opgelegde straf.

Oorspronklik was n derde persoon, ene Stolo, saam met die appellante aangekla maar op aansoek is n skeiding van sy verhoor gelas.

Uit die feite blyk dit dat die twee appellante, tesame met Stolo besluit het, na verkreë informasie en voorafgaande bespieding van die huis waarin die oorledene, n jong boer, alleen gewoon het, om geld uit sy huis te gaan steel. Hulle het hulself teen ses-uur die aand buite die huis in bosse verskuil om te sien of hy die huis sou verlaat om na n kraal te gaan. Volgens die eerste appellant sou hulle dan die huis

ingaan/.....

ingaan om die geld te steel. Die oorledene het nie die huis verlaat nie en toe dit donker in die huis geword het, het die drie besluit om die huis binne te gaan en die oorledene te oorrompel. Die eerste appellant het 'n skerpgemaakte kapmes, 'n panga, by hom gehad en 'n stuk tou. Die deure van die huis was nie gesluit nie. Net voordat hulle die huis binnegegaan het, het die eerste appellant 'n paar stewels wat hy aangehad het, uitgetrek en buite laat staan. Hy het ook die panga buite gelaat. Hulle het die slaapkamer binnegegaan waar die oorledene gelê en slaap het. Die oorledene was stewig gebou, so-ook die appellante en Stolo, en 'n hewige worsteling het plaasgevind, tot so 'n mate dat die oorledene 'n venster stukkend geskop het en daar ook 'n gat ontstaan het in 'n asbesafskorting tussen die slaapkamer en 'n ander kamer. Die oorledene is blykbaar uiteindelik vasgepen, terwyl Stolo hom aan die keel beetgepak het. Die oorledene is as gevolg van hierdie verwurging dood en volgens die mediese getuienis was dit die verhindering van die terugvloei van die bloed van die brein deur drukking op die slagaar wat die dood veroorsaak het. Toe die oorledene die volgende

oggend/.....

oggend gevind is, was sy gesig blou en opgehewe en hy het veelvuldige skraapwonde en kneusings gehad. Die nadoodse ondersoek het aangetoon dat die longe volumineus en gestu was en dat, afgesien van uitwendige tekens van verwurging, daar ook diep kneusmerke was aan die kant van die strottehoof en die lugpyp.

Nadat die oorledene onskadelik gemaak is, is sy hande agter sy rug vasgebind met die stuk tou en 'n stuk dun tou van 'n gordyn is om sy bene gebind. Die oorledene het op sy maag op die grond gelê met sy gesig plat teen die grond, 'n kombers is oor hom gegooi met 'n kussing op sy kop en nadat 'n brandstofie aangesteek is, is die huis geplunder. Geen geld behalwe 'n skrale 25 sent is gevind nie en die inbrekers het besluit om van die oorledene se klerasie weg te neem. Die stewels en die panga is vergeet en die appellante en Stolo het met 'n motorvoertuig van die oorledene verdwyn wat hulle later op 'n verlate plek laat staan het.

In hulle getuienis het die appellante erken dat hulle die moontlikheid voorsien het dat die oorledene 'n vuurwapen kon gehad het en dat hy hom in elk geval sou verset.

Hulle/.....

oorrompel en onskadelik gemaak moes word. Gedurende daardie worsteling het appellante nie net ʼn plan gehad om hom vas te bind nie. Indien die aard van die worsteling beskou word, is daar m.i. geen twyfel nie dat Stolo die oorledene op so ʼn wyse wou verwurg het dat hy uit aksie gestel sou word en dat hy in die proses nie omgegee het of die dood sou intree of nie. Dit blyk duidelik uit sy eie getuienis dat eerste appellant, terwyl hy en die tweede appellant die oorledene probeer vashou het, geweet het dat Stolo besig was oorledene te verwurg. Wat tweede appellant betref, het hy in sy verklaring aan ʼn landdros gesê: „Die ander twee het my te hulp gekom totdat die blanke onder gelê het. Ek het hom aan sy bene toe gehou en een van die ander twee het hom aan die keel gegryp." In sy getuienis in die Hof het hy gesê dat hy wel gesien het dat een van hulle met oorledene se kop besig was, maar dat hy nie gesien het nie dat die oorledene aan die keel gegryp is. Sy getuienis is direk in stryd met sy verklaring en is verwerplik. Weliswaar is oorledene se polse met ʼn stuk tou vasgebind wat eerste appellant met hom saam gebring het. Oënskynlik was die tou so

kort/...

kort dat net die polse daarmee vasgebind kon word, altans so blyk dit uit die foto van die oorledene wat by die verhoor ingehandig is, en uit die feit dat ŉ stuk gordyntou nodig was om die oorledene se bene vas te bind. Hierdie feit is nie strydig met die afleiding dat die inbrekers vermoed het dat die oorledene dood was nie, hoewel hulle miskien nie heeltemal seker was nie, en ook nie strydig met ŉ bevinding dat hulle onverskillig gestaan het oor die vraag of hy dood was of nie. Die feit dat hulle ŉ kombers oor die oorledene gegooi het, en daar ŉ kussing op sy kop geplaas is, wat hulle verhinder het om te sien of die oorledene nog lewenstekens vertoon, is getuienis van daardie vermoede en ook van daardie onverskilligheid.

Die bevinding van die meerderheid van die Hof dat appellante skuldig is aan moord - met as bewese ŉ opset met moontlikheidsbewussyn - kan m.i. nie aangeveg word nie.

Namens appellante is aangevoer dat die Verhoorhof gefouteer het deur nie in elk geval te bevind dat daar versagtende omstandighede was nie. Die Verhoorhof het in sy uitspraak alles in aanmerking geneem wat moontlik sou kon dien as versagtende omstandighede, o.a. die ouderdom van

die eerste appellant, nl. 21 jaar, en die feit dat die tweede appellant gedurende die dag drank gebruik het.

Na my mening kan in hierdie saak redelikerwyse geen versagtende omstandighede gevind word nie en kan geen kritiek teen die bevinding van die Hof ingebring word nie.

Die appèl word afgewys.

APPÈLREGTER

BOTHA, A.R. )
RABIE, A.R. ) Stem saam.